

**Skriflesing:** Rigters 16:21-31

Teks: **Rigters 16:22**

**Sing- Ps. 68:1,2; Ps. 69:3; Ps. 20:5,7,9; Ps. 86:3,7**

**Rigters 16:21-31**

**Jdg 16:21** Daarop het die Filistyne hom gegryp en sy oë uitgesteek en hom afgebring na Gasa en met koperkettings gebind; en hy moes maal in die gevangenis.

**Jdg 16:22** **Maar die hare van sy hoof het weer begin groei sodra dit afgeskeer was.**

**Jdg 16:23** En die vorste van die Filistyne het vergader om 'n groot offer te bring aan hulle god Dagon en om vrolik te wees; en hulle het gesê: Ons god het ons vyand Simson in ons hand gegee.

**Jdg 16:24** En toe die volk hom sien, prys hulle hul god; want hulle het gesê: Ons god het ons vyand en die rinneweerder van ons land, wat ook baie van ons laat sneuwel het, in ons hand gegee.

**Jdg 16:25** En toe hulle hart vrolik was, sê hulle: Roep Simson, dat hy vir ons speel; en hulle het Simson uit die gevangenis geroep; en hy het voor hulle gespeel, en hulle het hom tussen die pilare laat staan.

**Jdg 16:26** Daarop sê Simson aan die dienaar wat hom aan die hand hou: Laat my staan, en laat my die pilare betas waar die huis op rus, dat ek daarteen kan leun.

**Jdg 16:27** En die huis was vol manne en vroue, en al die vorste van die Filistyne was daar, en op die dak omtrent drie duisend manne en vroue wat kyk hoe Simson speel.

**Jdg 16:28** Toe roep Simson die HERE aan en sê: Here, HERE, dink tog aan my en versterk my tog net hierdie keer, o God, dat ek my oor een van my twee oë op die Filistyne kan wreek!

**Jdg 16:29** En Simson slaan sy arms om die twee middelste pilare waar die huis op gerus het, die een met sy regter— en die ander met sy linkerhand, en leun teen hulle aan.

**Jdg 16:30** En Simson sê: Laat my sterwe saam met die Filistyne! En hy buig hom met krag, sodat die huis inval op die vorste en op al die mense wat daarin was. So was dan die dooies wat hy by sy sterwe gedood het, meer as die wat hy in sy lewe gedood het.

**Jdg 16:31** Sy broers en sy hele familie het toe afgekom en hom opgeneem en opwaarts gebring en hom begrawe tussen Sórea en Estáol in die graf van sy vader Manóag. En hy het Israel twintig jaar lank gerig.

**Skriflesing:** Rigters 16:21-31

Teks: **Rigters 16**

**Sing- Ps. 68:1,2; Ps. 69:3; Ps. 20:5,7,9; Ps. 86:3,7**

Is Simson 'n held, is hy iemand wat in sy doel geslaag het, kan ons hom as 'n voorbeeld beskou

in wat mense van hom verwag het? Broeder en suster, as ons dit dan negatief moet stel, is die vraag het ons nie hier iemand wat eintlik maar 'n gemors van sy lewe gemaak het nie. In baie opsigte lyk dit partykeer of hy 'n figuur uit 'n strokiesprent kon wees. Sterk, dapper, vindingryk en ja 'n eenling. Selfs iets van 'n patetiese eenling In wat ons in die laaste deel van Simson se lewe na vore wil bring lê nie in wat mense doen nie, maar in wat God doen. God werk nie met geloofshelde nie, God werk met geloof. Terwyl ons as mense so maklik dit omdraai. Ons hou baie meer van die mens in die verhaal, terwyl dit eintlik moet gaan om die verhaal in die mens en nie die mens in die verhaal nie. Makliker gesê, ons laat ons so maklik mislei deur heldeverhale i.p.v. om die geloofsverhaal voorop te stel. Daarom het ons in wat ek by Simson vandag na vore

bring by die volgende drie groot gedagtes wou vassteek. 1. Die menslike krag. 2, Die menslike swakheid. 3. Die werklike krag word in swakheid volbring.

### **Die menslike krag:**

Simson, hy is die een uit die Ou Testament waar daar besonder baie gesê word, nog voor hy gebore was. Die engel wat aan sy ma verskyn het en daar word duidelike voorskrifte aan die vrou gegee. Haar swangerskap wat besonders sou wees in wat die engel al vir die ma gesê het, sy moet geen sterk drank drink nie, eet niks wat onrein is nie, ja die ontwikkeling van jou ongebore kind is op die spel. Nêrens word dit eintlik so pertinent vir ander ma's in God se Woord gesê nie. Die engel verskyn daarna ook nog weer aan die pa- Manoag, wel op 'n toegestane gebed. Ja, die engel herhaal sy bevele aan die ma ook vir die pa. Ja, mens is eintlik verbaas wat alles oor die geboorte van die kindjie gesê word, wat tog op 'n manier herinner aan toe Jesus gebore is. Die engel wat ook met Maria gepraat het, daarna is Josef op hoogte gehou, al was Josef geensins direk betrokke tot die swangerskap nie. Vir Josef en Maria is dit duidelik gesê dat Jesus is die Een wat die volk van hulle sondes sal verlos, Maar hoor wat sê die engel vir Simson se ma- *hy sal Israel begin verlos....* 'n Besondere ooreenkoms. Ook Simson sal 'n verlosser wees. Alles begin wonderlik.

Nou kom die kind in die wêreld, waar ouers reeds soveel verwagtinge van hierdie kindjie kon hê, maar dit word 'n tragiese verhaal. Dit moes in baie opsigte bitter teleurgestelde ouers gewees het met al die vroeë en worstel gedagtes, wat het ons verkeerd gedoen. Is dit ons skuld dat die kind is wat hy geword het.

Laat ons dadelik dit ook byvoeg, broeder en suster, die Simson sou dinge doen waarop mense trots kan wees, maar wees maar versigtig deur die trots op die verkeerde plek te plaas. In baie geval moet ouers in plaas van hulle trots baie groter ruimte maak vir dankbaarheid want die trots kan baie gevaarlik wees. Is hierdie trots op die verkeerde plek nie dalk in groot mate verantwoordelik gewees vir groot ontsporinge wat daar in Simson se lewe was nie.

\*\*\*

Ons weet dat sy menslike krag is nooit los te maak van wat God se krag in sy lewe was nie. Krag wat afhanklik gestel was van hare wat nie gesny mag word nie, ja die nasireërs gelofte oor hom uitgespreek was innerlik aan die werk, dié goddelike gawe van 'n kragtige liggaam wat

uiterlik met groot krag kon werk, bly merkwaardig. Werklik menslike krag met 'n goddelike geheim. Die geheim wat in Simson was, maar die tragiese is, dit wil dikwels voorkom of hyself die geheim in hom nie begryp het nie, of as hy dit dan wel begryp het, het hy beslis nie genoeg respek daarteenoor gehad nie.

\*\*\*

Ja, broeder en suster, dadelik vra ons onself ook hierdie vraag af. Die geheim in jou en my, dit wat ons innerlik ontvang het, om deur die Heilige Gees tot kind van God weergebore te kon word, om nie net met water gedoop te wees nie, maar die doop met die Heilige Gees, ja die geheim in jou en my, as jy waarlik kind van God is, is 'n besondere werk, 'n besondere geheim van God, waarin hy vir jou en my sterk wil maak. Ja, sterk wil maak, nie soseer na die liggaam nie, maar om na die gees sterk te wees. Om met die Heilige Gees gesalf te wees, ja dit is ons belydenis in Sondag 12 van die Kategismus, dat **ek deur die geloof deel het aan Christus, ek is 'n lid van Christus en daardeur het ek ook deel het aan sy salwing...** Ons lewensgeheim lê in Christus maar dit kom na ons deur die Heilige Gees. Dit moet ons na die gees sterker en sterker maak. Ja soveel soos daar vir Simson gevra kon word, verstaan jy jou lewensgeheim, het jy werklik genoeg respek vir jou lewensgeheim, ja 'n lewensgeheim wat in Simson se geval met uitermate groot liggaamskrag gemanifesteer het, maar wat dit tog healtyd blyk, sy lewensgeheim, sy menslike krag is asof hy dit net nooit genoeg gerespekteer het nie, hoeveel het hy werklik daarvan verstaan. Sekerlik heeltemal te min! Wanneer ons dalk ook ons Simson-oomblikke beleef, kyk mooi na jouself, wat is dan in jou lewe aan die gang. Jyself wat dink so sterk te wees, so uitermate kragtig, wees baie versigtig in wat hierin vir ons baie gevaarlik kan wees. Daarom moet ons by Simson se **menslike krag** wat baie sterk was, reeds die tweede gedagte invoeg.

### **Die menslike swakheid:**

Simson die man wat homself so teen mannevuiste kon verdedig, hy slaan manne plat, in groot getalle. Ag, mens hoor sy trots, sy roem, sy prestasie, hoe hy skaterlag rondom die jakkalse se sterte aanmeakaargeknoop, hy steek hierdie sterte aan die brand, al brandende en hy skaterende hardloop die gediertes van hom weg, hy brand die Filistyne se lande, meer as net die diere van die veld. Ons sien hom hoe hy wild die donkie kakebeen swaai, hy maai mense af met die gebeente van 'n dier se kop, maar wat in sy eie kop gebeente aan die gang. Die Filistyne wat hom met van hulle sterkste en dikste toue wou vasbind, hy breek daardie toue so maklik wat dit

Pretoria- 25 Januarie 2015 (Diamantvallei 25 Jan 2015)

laat lyk soos 'n vuurhoutjie wat vislyn laat wegsmelt. Hy wat klere kon uitdeel asof hy 'n klerewinkel beroof het, maar dit is klere vanaf Filistynse mannelyste geroof. Dikwels wil dit voorkom of hy hom soos 'n "groot kind" gedra. Iemand noem hom "a strange champion for Jehovah".

Ja, met vuiste laat hy die manne val maar teen vroue trane kan hy homself op geen manier verdedig nie. Delila wat op haar gevaarlikste was wanneer sy heuningwoorde soos stroopdruppels van haar mind laat afdrup. Simson se swakheid teenoor vroue het hom heeltyd ten gronde gerig. 'n Sterk man, wat nie sy eie hartstogte kan beteuel nie. Hy mag dalk in baie se oë die sterk man bly, maar sy liggaamskragte word nutteloos omdat sy gees so swak is. Weereens soos by hierdie preek se eerste punt, staan ons weer by die krag wat in jou en my gees moet wees. Die krag in jou gees wat baie meer werd is as liggaamlike krag, liggaamlike prestasies.

\*\*\*

Hoe maklik gebeur dit en dit moet ons vanoggend besef geliefdes, so sterk soos Simson ook al mag gewees het, op die einde behandel die geskiedenis hom as 'n swakkeling. Ja, dit moet ons ook maar onthou, hier op aarde het die geskiedenis dikwels die laaste sê, soveel te meer as jy te doen het met God se geskiedenis, God se openbaringsgeskiedenis, ja as jy waarlik te doen het, met God se Woord, die grootste openbaring van God Self wat in sy Woord na ons kom. Teen God se Woord het die menslike swakheid nie die vermoë om weggesteek te word nie, al probeer ek dalk ook hoe hard. Kyk maar na Ps. 33:6 soos dit berym staan: *Die Heer se raad word nooit gekeer nie/dit sal bestaan in ewigheid// Teen sy besluit is geen verweer nie/ bestendig duur dit vir altyd//...*

\*\*\*

Al hierdie krag in Simson wat op die einde tot swakheid ontpop, broeder en suster, dit laat ons die swakke mens op die einde aanskou. Kragteloos, oogloos, word Simson soos 'n donkie om 'n meule ingespan. Tragies om die minste te sê! Hy wat 'n donkieskaap kon swaai word nou tot iets van 'n donkie gemaak. Die lewe kan hard wees en kan ironies genoeg ook wreed wees as ek daarteenoor wreed wou wees. Is dit nie wel so dat Simson lyk eintlik beter tot God se reg te kom deur blind te wees as om siende te mag wees. Onwillekeurig laat die letterlike in Simson se lewe

mens die diep ingrypende van Christus se woorde soos 'n ego klank die oor deurboor, wat die oog kom aanraak. *As jou oog jou laat struikel...ruk dit uit.*

Ja, Simson se verhaal die sterke man wat die menslike swakheid so blootlê, laat eintlik in hom die hele Israel afspeel. Sy lewe is 'n maar 'n spieël van wat die hele volk se lewe was. So sterk maar tog so swak. Moses het in Deuteronomium 28:47 -48 dit soos volg uitgespel: **47** *Omdat jy die HERE jou God nie met vreugde en vrolikheid van hart weens die oorvloed van alles gedien het nie, 48 sal jy jou vyand wat die HERE teen jou sal stuur, dien in honger en in dors en in naaktheid en in gebrek aan alles; en hy sal 'n ysterjuk op jou nek sit totdat hy jou verdelg het.*

Ook vir ons as kerk van die Here, vandag hier as gemeente bymekaar, ons belydenis moet nie onderskat word nie. Simson was 'n man wat moeilik bely het, sy krag was in sy arms, nie in sy hart nie, sy krag was in sy liggaam nie in sy gees nie... Ons krag moet in ons harte en in ons gees na vore begin kom. Gaan soek dit daar, want daar wil God sy koninkryk inrig. in jou hart en in jou gees. Nie in jou arms en vuiste nie, of in my verstand waar ek tog dink ek so slim kan wees nie. Ons krag kom dan nie as bravade na vore nie, maar as 'n belydenis. Simson het wel 'n keer nog voor hierdie tragiese einde, iets van 'n belydenis laat hoor, toe hy so verskriklik dors geword het direk ná hy klomp vyande kon doodslaan maar hyself nie kon sorg dat daar 'n druppel water naby sy lippe kom nie. Wat is 'n druppel water tog in vergelyking met 'n sterke mens. Simson in soort van belydenis-taal, ja die eerste keer ooit wat hy darem naby soort van belydenis kom - *moet ek nou van dors sterwe....* Lees maar Rigters 15 by u huise.... Op die einde lyk daardie druppels water baie belangriker te wees as wat die mens hoop om te wees. Simson se Kakebeenshoogte wat blitsvinnig van naam verander, waar dit dan word Roepersfontein en nie meer ek en die kakebeen ek wat myself wil verhoog nie.

In Simson se lewe, op so baie maniere onderstreep dit eintlik maar ons tweede gedagte – die menslike swakheid, maar ons is deur die genade van die Here verder gebring as net hierdie gedagte. Die menslike krag en die menslike swakheid op die regte manier bymekaargebring, nie op die Simson-manier nie, maar op God se manier kom ons krag en swakheid tog wel bymekaar uit waar dit God is wat ons ons laaste gedagte laat besef:

**Werklike krag word in swakheid volbring:**

Hierdie laaste deel uit Simson se lewe, sy oë uitgehaal, blind, malende, alleen, verlate, werklik verswak want hare is daar nie, maar danksy die Here, hare het wortels. Rigters 16:22 se woordjie MAAR- is nie maar net om 'n nuwe sin te begin nie. Hier staan iets groot! *Maar die hare van sy hoof het weer begin groei sodra dit afgeskeer was...* Ons is in die slothoofstuk van Simson se lewe, watter slot is dit nie! Die groei van die hare, die weer uitgroei daarvan is nie maar net 'n natuurlike feit, 'n hare feit wat hier staan nie. Dit beteken baie meer. Dit bevestig nie net God se genade nie, maar dit bevestig baie meer. Dit bevestig hoe genade kan groei, hoe genade nie 'n malende sirkel is soos 'n mens in sy eie gedagtes kan vasmaal al meulende en steunende soos 'n donkie nie, née genade loop 'n reguit lyn, want God se genade is nie net genoeg nie, maar dit is reguit en werk reguit.

Simson, die blinde Simson word 'n skouspel. Die grap van die dag word die grap van die wêreld, mense lag so maklik en spot so maklik, veral as hulle dink die krag en die wêreld van krag behoort aan hulle. Die wêreld meen deur Simson te verneder is hulle eintlik in staat om sy God, die ware God te verneder. Ja, daarmee hou die wêreld nie op nie! In Christus is dit net nog duideliker bevestig. Christus wat die swaarste neerhalings moes verduur, so verneder dat Hy werklik in alles lyk totaal verlore te wees. Dit het die wêreld rondom Christus donker laat word. So goed mense se oë is uitgehaal. Die wêreld het gemeen dat met Christus nou afgereken het hulle eintlik die finale afrekening behaal. Terwyl die werklike rekening, die werklike afrekening is in geen mens se hande nie. So lekker en so hard soos daar met 'n blinde Simson op die einde gespot kon word, ja wil ek aanvaar in die hardheid van spot, het God 'n swakke Simson, steeds in alles verswak, weer na vore laat kom. God het die mens se swakheid die steierwerk van sy sterkte gemaak. Dit wat Paulus later so duidelik van God kon hoor, wanneer jy swak is dan is Ek sterk. God se krag word in ons swakheid volbring. Dit is hierdie enkele rede wat maak dat ons vandag aan die begin gesê het, God werk nie in die eerste plek met geloofshelde nie, maar God skenk die geloof om dan met daardie geloof te werk. Die held in die geloof bestaan nie, maar die geloof in die held is waar dit oor gaan. Dan verstaan ons soveel beter hoekom Hebreërs Simson ook as 'n geloofsheld kon uitsonder, al wil dit vir ons lyk maar hy kan dit nie wees. Ja, hy kan dit nie wees nie, maar God maak ons wat ons in alle geval nie uit onself kan wees nie, God maak ons sy kinders.

Simson het net nog een keer genade gevra en genade gekry. Hierdie een keer se genade is vir hom genoeg gewees, al het hy dalk selfs in sy vrae na genade weer gesondig, want het hy gevra hy wil sy oë wreek, hy wil homself weer laat geld, maar God slaan met krom houte so dikwels reguit hou, omdat sy genade reguit werk. Laat dit ons troos wees en ons krag, vir elke dag dat in een keer se genade lê 'n lewe opgesluit, selfs die ewige lewe, toe dit daardie een keer was wat Christus vir ons gesterf het, maar die een keer is die genade vir nou en vir ewigheid. In Simson was dit genoeg, vir jou en my is dit ook genoeg, God se genade wat in ons swakheid volbring word.

AMEN